

Sake



Van krag tot krag

Die veranderinge in Vodacom se aandeelhouding voorspel groot dinge vir Suid-Afrika se grootste selfoonoperateur.



Ou Mutual mik oorsee

Ou Mutual Eiendomme is besig om sy bedrywighede na Rusland, Roemenië en Italië uit te brei.



Nuus

Maak Sake my tuisblad | Gebruiksooreenkoms

Tuisblad

Sake : EKONOMIE : STORIE

- Ekonomie
- Maatskappye
- Algemene Sakenuus
- Wêreldnuus
- Marknuus
- Eiendomme
- IT - Sake
- Promosie Fokus
- Rubrieke



In diepte

- Rubrieke
- Jou Geldsake
- Sakekamer-dagboek



Hulpmiddels

- Raad met jou rande
- Beleggingrekenaar
- Wisselkoers-rekenaar
- Saketerme (Engels)



Vennote

- Finweek
- Finance Week
- Fin24
- News24
- Landbouweekblad



Fin24



- Property bubble 'a myth'
- Telkom lukewarm on Nitel
- Standard hikes bank charges



News24



- Property bubble 'a myth'
- Boy, 7, drowns in ditch
- Aristide: SA must come clean

Motorplan 'maak vervaardigers vet'

02/11/2005 21:05 - (SA)



Druk artikel



E-pos storie aan 'n vriend

Leo Kok

Die regering se ontwikkelingsplan vir die motorbedryf (MIDP) is baie suksesvol, maar motorvervaardigers skep nou te veel room af met behulp van dié plan.

Dit is die gevolgtrekking van prof. Frank Flatters van Queens- universiteit in Kanada, in 'n peiling wat hy aan Nedlac en die Suid-Afrikaanse handel-en-armoede-program voorgelê het.

Volgens Flatters het die MIDP met sy skepping in 1995 ten doel gehad om die motorbedryf te help om op sy eie bene te staan te midde van die land se herstrukturering van sy internasionale handelsbeleid.

Dit ly geen twyfel dat die program suksesvol was nie. Die Suid- Afrikaanse motorbedryf is immers nou die tweede grootste eko nomiese sektor in die land, maar daar is kommer dat die MIDP se struktuur nou 'n baie doeltreffender en mededingender bedryf uit die staatskas finansier.

Flatters bereken dat die regering deur die MIDP reeds sowat R55 miljard in invoerkrediete aan die motorbedryf teruggegee het. Met die MIDP verdien vervaardigers invoerkrediete op voertuie en komponente wat hier gebou en uitgevoer word. Dié krediete kan gebruik word om invoertariere op produkte af te los en kan gekoop en verkoop word.

"Mense kla oor die Gautrein- projek wat R20 miljard kos of die wapentransaksie waar die regering R30 miljard bestee het, maar dit raak klein in vergelyking. Om dit anders te stel: Suid-Afrika se begroting vir hoër onderwys is slegs R10 miljard."

Flatters sê die probleem is dat die bedryf reeds baie doeltreffender geword het, en dit sonder 'n dramatiese styging in indiensnemingsyfers op vervaardigingvlak. Die pryse van motors in Suid-Afrika bring egter steeds die (hoë) invoertariere in berekening. Die gevolg is dat motors waarskynlik duurder is as wat hulle sou gewees het as die MIDP nie bestaan het nie. Hy sê ook dat die hoë invoertariere, tesame met die MIDP-krediete en ander regeringshulp wat motorvervaardigers as deel van die groter nywerheidssektor verdien, hulle uitermatig bevoordeel.

Volgens sy berekenings het vervaardigers in 1996, 'n jaar ná die begin van die MIDP, 'n opbrengs op beleggings van 494% verdien. Komponentvervaardigers het 681% op beleggings verdien.

Sy berekening meet die geskatte MIDP-krediete en ander produksie-aansporings wat hulle verdien en stel dit teenoor hul geskatte beleggings in die land.

Dié groei op beleggings het verminder namate invoertariere op voertuie en komponente, die maatstaf waarvolgens die MIDP sy invoerkrediete bereken,

Verwante Berigte

- Honda se A + A sê hy is beste



verlaag het, maar hy sê 'n motorvervaardiger verdien tans sowat 275% se opbrengs op beleggings en 'n komponentvervaardiger 264%.

Hy sê dat die hersiening van die MIDP dus dié faktore in ag moet neem, maar dat dit meer deursigtig moet geskied.

"Samewerking tussen die regering en die motorbedryf is uiters belangrik, maar wanneer die MIDP hersien word - en dit word tans hersien - moet die regering dit onafhanklik doen," sê hy.

Beeld

-- Top stories in this category --

Mooie motor zoekt m/v

voor kilometers rijplezier Motoroccasion, de meeste keuze.

Werk in Kaapstad

Werk Tuis. Volledige Opleiding Internasionale Maatskappy

Ads door Goooooole

Soek deur Sake

SOEK



Vind jou ou skoolvriende


Kies jou skool se provinsie

Kies

en klik op die eerste letter van jou skool

A B C D E F G H I J K L
M N O P Q R S T U V W
X Y Z

ONS BEVEEL AAN



Maak geld uit eiendom

Sowel eerste huiskopers as ervare beleggers sal baat vind by hierdie gids.

Sake

- Skaf valutabeheer af, vra Mboweni
- Goudaandele blink
- Meedingkommissie maak omkeer oor Uhambo

Beeld

- Pta-boewe se nuutste skuilplekke
- Onnies nie betaal vir ekstra tyd
- Aikôna, sê 'Idols'-aanhangers